Geliefde Lourensrivierder

Hoe lekker is dit nie om te weet elke dag van ons lewe staan ons op met 'n splinternuwe kans om in die Here se genade te stap nie.
'n Splinternuwe kans om nuut te begin, nuut te dink en 'n beter "ek" te wees as gister♫♫ Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie. Daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut (Klaagliedere 3:22-23). "Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees." (Ps. 118:24) Carpe Diem! Gryp die dag aan! Seize the Day!

NUUSKRUMMELS: 16 AUGUSTUS 2018

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR:

Hier in die kantoor loop die Voedselfeeskoors hoog, so maak asb 'n groooot knoop iewers om te onthou van die lekkerste Kuier, Klets, Kou en Kosdag in die jaar♫♫

HIERDIE JAAR HET ONS FEES 'N BASAARHART♫♫
Dink Familie, Bazaarpoeding, Saamwees!
Jy wil nie op 'n ander plek wees nie, jy wil herinneringe skep vir jou kinders se kinders...
Daar's ook weer pryse om te wen!

Talle kosstalletjies met vars gebak – grootkoeke, kaaskoek, beskuit, vetkoek, roosterkoek, roosterbroodjies, hamburgers, slapchips, kleinkoekies, muffins, kolwyntjies, "moer"-koffie, basaarpoeding, pannekoek, koeldrank, tuisgemaakte lekkers, potjiekos en vele meer.

Kaartjies by kerkkantoor beskikbaar vanaf **21 Augustus**:
Potjiekos (o.a. Wildsvleis pot, Waterblommetjie pot, Kerrie Hoenderpot, Lasagne pot, Oxtail pot) @ R50 pp
Rolletjie met boerewors @ R20
Rolletjie met Hoendersosatie @ R20
Ons woeker sommer nou al, so indien jy iewers wil help of betrokke raak, kontak asb vir:
Gerda de Villiers – 021-8547191 / 0824664766
Apolonia Maritz -021-8537560 / 0825077091
Bydraes kan in die vorm van produkte (by kerkkantoor) of kontant gegee word.
INDIEN JUL NIE BY KANTOOR KAN UITKOM, MAAR STEEDS WIL BYDRA, SKAKEL 021 853 5991

☺ **KINDERVERMAAK:** Benodig items vir Tombolatafel bv Speelgoed, Skryfbehoeftes ens (vir pryse)
☺ **GROOTKOEKE:** Om suksesvol te wees, benodig die koektafel 25-30 TUISGEBAKTE koeke. Enige geur, tipe en vorm sal baie welkom wees. Skakel/ WhatsApp asb vir Judy Potgieter (082 599 4941) teen 24 Aug. 2018 om bydrae te bevestig.
☺ **KAASKOEK & SUURLEMOEN MERINGUE TERT**: Die kaaskoek en suurlemoen meringue tafel benodig 10-15 koeke/terte om suksesvol te wees. Skakel/ WhatsApp asb Jeanne Botha (021 853 84 89/076 153 9805) vir die kaaskoeke teen 24 Aug. 2018 om bydrae te bevestig.

VIR EFT'S/FINANSIëLE BYDRAES:
Rekeningnaam: NGK Lourensrivier; ABSA Bank Strand (Takkode: 334 312); Rek. Nr. 420 580 231

Stuur asb bewys van inbetaling na kantoor, fin@lourensrivier.co.za met verwysing (Naam & Basaar)
Bydraes kan ook by kantoor gedoen word of d.m.v. Koevertjies (by deure in voorportale) wat in kollektesakkies geplaas kan word.

Baie baie dankie en vriendelike groete, Voedselfeeskomitee

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

BUURTWAG NUUS:

Augustus Nuusbrief is nou beskikbaar met veiligheidswenke en inligting oor ons gemeenskap wat elkeen raak. Indien jy graag die nuusbrief wil ontvang, kontak asb. vir Carl Gersbach, 0836352114 of chgeng@telkomsa.net.

Besoek ook hul FB Blad met al die nodige inligting wat daagliks daarop geplaas word: https://www.facebook.com/strandnw/

STRAND BUURTWAG is die "oë en ore van die Buurt". 'n Uitnodiging aan alle Strand inwoners om asb. in te skakel by die Strand Buurtwag!! Raak betrokke en maak 'n verskil!

3.SOMETHING TO THINK ABOUT

5 HELPFUL TIPS TO GET AN ACCURATE DESCRIPTION OF A CRIMINAL

When it comes to busting a crime, having an accurate description of the perpetrator can really help!

However, should you ever be face to face with a criminal, your first instinct is probably not to stay calm and observe how they look.

Here are 5 helpful tips if you are ever in this scary, traumatic situation…

1. Never make direct eye contact with the perpetrator; you don't know what they are capable of!
2. Take down mental notes of what the criminal is wearing and be as detailed as possible. This includes the colours, logos and any other specific markings.
3. Note if there is anything unique about how they are speaking – do they have an accent or a lisp, etc.?
4. Note whether the criminal has any distinguishing facial features, tattoos, scars or piercings.
5. If there is a vehicle involved in the crime, try to remember the licence number, the make of the car, the model and the colour.

If you are able to, provide police or the **Strand Neighbourhood Watch** group with as much details as possible of the perpetrator it will help in identifying the suspect and hopefully quickly putting them behind bars.

EMERGENCY NUMBER /NOODNOMMER
081 570 3540

DIS TYD OM TE SING: LOFSANG EN DANK MET 'n NUWE KLANK

Bybel-Media in samewerking met die NG Sinode van die Wes-Kaap nooi jou uit na 'n unieke saamsing-geleentheid op **8 September**. Ons glo dit is tyd om te sing!
Dit gaan 'n onvergeetlike aand wees. Moet dit nie misloop nie!

R200 pp

Kaapstad Stadsaal

Kaartjies: 0860263342

KERKNUUS UIT DIE OMGEWING:

Word jou lewe geraak deur die dood van 'n familielid of geliefde? HARMONY as deel van Helderberg NG Kerk Uitreik bied die GriefShare herstel program en ondersteuningsgroep aan. Dit is internasionaal erkende en interkerklike program gegrond op Bybelse waardes om julle gesin te help met veranderinge in die familie struktuur. Ons byeenkomste vind elke Donderdagaand plaas.
Ons kuier en eet vanaf 17:30 lekker saam in die Tent en dan begin dan van 18:00-20:00.
PLEK: Helderberg NG Kerk, Firmountstr 82, Somerset-Wes
Kontak: Annette Botha epos:harmonyhelderberg@gmail.com vir meer inligting.
Lees meer op http://www.churchinitiative.org. Moenie alleen hierdie pynlike pad loop nie – daar is mense wat verstaan en jou kan ondersteun. Die program is oop vir enigeen in die Helderberg area.

KNIEWERK

- Bid vir ons leraars, verskillende bedieninge en Gemeente
- Paul Louw (kanker)
- Pieter Slabbert vir prosedures wat gedoen moet word voor groot operasie
- Lenie van Zyl weer terug in hospitaal
- Elaine & Leslie Hobson se dogter Belinda vir volkome herstel na groot operasie
- Fransie de Jager, skoueroperasie, Maandag 20/08
- Ons innige meegevoel met Annali Delsink (wat nou in Nederland woon) en familie met die heengaan van haar broer Corrie vd Merwe
- Ons loof die Here en dank Hom vir nog reën wat Hy sal stuur en damvlakke wat verder sal styg.
- Ons bid dat die gemeenskap steeds water sal bespaar.
- Bid vir ons land se leiers

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 19 AUGUSTUS SE BOODSKAP: JOH. 6:51-58 (12DE WEEK IN KONINKRYKSTYD – DS LEOPOLD)

Die skare word afgestoot deur Jesus se leer. Hoewel die brood wat Hy vroeër vermeerder het, goed afgegaan het, is hierdie woorde egter vir hulle onverteerbaar. Die troos van hierdie teks is die nabyheid van Jesus wat sy woorde veronderstel.

Jesus het een van ons geword, God by ons. God het verskyn in die gestalte van 'n mens. Ons kan selfs – deur die genade van God – die werklikheid van God in ons hande neem en dit eet. Met ons verstand kan ons dit nie deurgrond nie – ons hoef ook nie. God het tot by ons gekom, en ons kan deel kry aan die werklikheid van God.

Hierdie nabyheid is deel van die wonderlike beweging van die teks van Johannes 6.

Die oorgawe wat hier op die spel is, is radikaal. Jesus ontledig Homself. Hy gee sy liggaam oor om geëet te word soos brood. Konkreet. Want, "Hy het sy mense liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad" (Joh. 13:1). Ons kry die lewe op geen ander manier nie. Dit kom deur die vlees van Christus. Dit is so konkreet soos brood wat tussen die tande fyngekou word.

Dirkie Smit verduidelik dit helder:

Jesus soek nie Homself of sy eie lewe op nie, Hy offer Homself op. Hy is nie maar net nog 'n mens nie; Hy is die 'menslikste onder mense'. Hy word vleeslik, soos ons. Hy word broos en verwondbaar. Hy neem ons wonde op Hom, die merke en die littekens wat die lewe op ons gelaat het. Sy wonde aan die kruis is ons wonde. Hy dra dit tot in die hart van die Vader. Nou weet die Vader van ons wonde.

Hy het deel geword van ons en ons word deel van Hom, soos in die eet van "brood".

Hy wat berge vorm en die wind skep,
Hy wat sy gedagtes
aan die mens bekend maak,
Hy wat die dagbreek donker maak,
Hy wat oor die hoogtes van die aarde gaan,
sy Naam is Here, almagtige God!
(Amos 4)

Retief Burger Sing:
"U IS ALLES VIR MY" kliek op skakel:
https://www.youtube.com/watch?v=pYKXiHxE9qo

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier